


## HOOFTUK 3

# EMOSIONELE INTELLIGENSIE



## HOOFSTUK 3

### EMOSIONELE INTELLIGENSIE

#### 3.1 INLEIDING

*To put the world in right order, we must first put the nation in order; to put the nation in order we must first put the family in order; to put the family in order, we must first cultivate our personal life; and to cultivate our personal life, we must first set our hearts right.*

Confucius (Chinese denker en filosoof)

Die begrip 'emosionele intelligensie' behels uiteraard twee komponente: intelligensie en emosie. Volgens Cilliers (2004) kan drie afsonderlike dele van die menslike gees, naamlik die kognitiewe, affektiewe en konatiewe onderskei word. Die kognitiewe sfeer sluit onder andere funksies in soos menslike geheue, redenering, besluitneming en abstrakte denke. Cilliers (2004) sê die volgende in dié verband:

*Sielkundiges en ander kundiges het vroeër bloot 'n persoon se kognitiewe vlak beoordeel om sy/haar intelligensie te bepaal. Emosies behoort tot die affektiewe vlak van verstandelike funksionering. Hierdie vlak sluit emosies, dié self, gemoedstemmings, evaluerende gedagtes en ander gevoelens soos moegheid en energie in. Die derde vlak van persoonlikheid, naamlik konatiwiteit of motivering, is sekondêr betrokke by emosionele intelligensie.*

Emosionele intelligensie word in verband gebring met kinders se lewens- en skoolgereedheid, akademiese sukses, asook volwassenes se werksukses en huweliksverhoudings (Cilliers, 2004; Louw & Louw, 2007). Volgens Goleman (1996b) sluit emosionele intelligensie 'n individu se vermoë in om die eie en ander se emosies te kan identifiseer en verstaan, emosionele taal te begryp, en emosies te kan gebruik om kognitiewe aktiwiteite en gedrag te reguleer. Salovey (2004) sluit hierby aan en beskryf emosionele intelligensie as die vermoë van 'n individu om emosioneel-gelaaiide inligting op effektiewe wyse te prosesseer en gebruik, kognitiewe aktiwiteite (byvoorbeeld probleemoplossing) te reguleer, en energie op bepaalde gedrag te fokus. Bar-On (2003) beklemtoon voorts dat emosionele intelligensie deur inoefening en terapeutiese ingryping oor 'n tydperk ontwikkel kan word.

## 3.2 DEFINIËRING VAN DIE KONSEPTE ‘EMOSIE’ EN ‘INTELLIGENSIE’

### 3.2.1 Omskrywing van die begrippe “gevoelens” en “emosie” as deel van die affektiewe

Le Roux en De Klerk (2001) omskryf gevoel as ’n interne fisiese reaksie op dít wat ’n persoon ervaar (n stimulus). Hierdie stimulus kan eniglets wees wat jy met enige van jou sintuie waarneem of waaroor jy dink en gevolglik ’n interpretasie maak, of bloot net ’n gedagte. Gevoelens is altyd intern in ons liggeme.

Gevoelens en denke is nou aan mekaar verbonde en die een kan nie sonder die ander ervaar word nie. Le Roux (2006:36) wys daarop dat gevoelens grootliks uit twee bronne spruit:

- Onvervulde behoeftes – aan vriendskap, sosialisering, aandag of prestige – kan aanleiding gee tot verwante negatiewe gevoelens soos eensaamheid, frustrasie en depressie.
- Negatiewe gedagtes loop op negatiewe gevoelens uit: gedagtes van waardeloosheid lei tot gevoelens van minderwaardigheid en frustrasie.

’n Persoon se denke en gedrag word beïnvloed en gereguleer deur sy/haar gevoelens. Gevoelens word bewustelik en onbewustelik gegenereer. Gevoelens is voorts ook aansteeklik. So byvoorbeeld kan een depressieve persoon in ’n gesin of werksopset maklik die atmosfeer met negatiewe gevoelens laai (Le Roux & De Klerk, 2003).

Egan (2002; 2010) identifiseer drie redes waarom die herkenning van basiese gevoelens, emosies en gemoedstoestande belangrik is:

- Emosies deurtrek ons lewens. Daar is ’n emosionele ondertoon in omtrent alles wat ons doen. Dit vorm die basis vir die standpunte wat ons huldig, ons intensies, asook die besluite en voorstelle wat ons maak.
- Emosies affekteer die kwaliteit van ons lewe. Depressiewe gevoelens/emosies/gedagtes maak van ons ongelukkige mense. ’n Persoon wat in hom-/haarself twyfel, kan nie optimaal funksioneer nie.
- Emosies is die dryfveer van ons gedrag. Personne wat deur aggressie gedryf word, kan desperate dinge doen. Die teenoorgestelde is ook waar, deurdat entoesiastiese mense meer kan bereik as wat hulle ooit dink moontlik is.

Egan (2002:79) beskryf die rol van emosies as deel van die affektiewe soos volg:

*Feelings, emotions, and moods constitute a river that continually runs through us – peaceful, meandering, turbulent, or raging – often beneficial, sometimes dangerous, seldom neutral.*

Emosie (*emotion*) is afgelei van die Latynse woord *motere* wat beweging impliseer (Goleman, 1995). Emosie is dus energie in beweging. Volgens Oosthuysen (2009) bepaal emosies aandag, handelinge en probleemoplossing. Papalia, Olds en Feldman (2009) beskryf emosies as die subjektiewe reaksies op ervarings wat met biologiese en gedragsveranderinge geassosieer word. Emosies het voorts 'n invloed op sosiale gedrag soos vertroue, eerlikheid, openheid en toewyding (Lord & Kanfer, 2002). Egan (2002) verwys na studies deur onder andere Salovey, Rothman, Detweiler en Steward (2000) wat die volgende aangaande die belangrike rol van emosies bevind het:

*Studies also indicate that emotions can free up psychological resources, act as opportunities for learning, and promote health-related behaviors.*

Kliniese studies (Weisinger, 1998) het bevind dat die meeste individue probleme ondervind om plofbare emosies, veral woede en angstigheid, te beheer. Oosthuysen (2009:46) verduidelik die vermoë om emosies te bestuur soos volg:

*An emotional stimulus input triggers behavioural, physiological en experiential changes which we experience as an emotion. Responses can be controlled according to appropriateness, contextual factors and individual differences to manage emotional states; for example to suppress responses, to adapt to the environment or to specific behaviours.*

Met ander woorde, die wyse waarop emosies beheer kan en behoort te word, hang van verskeie faktore af, insluitend die mate van graad van of ontoepaslikheid van emosies, die konteks waarbinne die emosies manifesteer, asook die idiosinkratiese wyse waarop individue reageer op situasies.

Gevoelens motiveer ons om die verlede te ondersoek, die hede vol lewe te maak en in die toekoms 'n ander rigting in te slaan (Le Roux & De Klerk, 2001). So vorm **emosie** 'n integrale en eksplisiete deel van 'n persoon se selfontwerp van 'n beroepsidentiteit (die toekoms) (Maree, 2007b).

Die volgende gedeelte fokus op die konsep intelligensie en die faktore wat intelligensie bepaal.

### 3.2.2 Intelligensie

Intelligensie is afgelei van die Latyn *intelligere* wat die volgende kan beteken: om te onderskei, op te merk, waar te neem, te verstaan, te begryp, te onderskei en te bemeester (Maree, 2008a).

Intelligensie is 'n konsep wat al eeue lank gebruik word om 'n aanduiding te gee van 'n persoon se geskatte verstandsvermoë (Maree, 2004; Cilliers, 2004). Vroeër het talle sielkundiges aan intelligensie as een algemene faktor gedink, maar namate die sielkunde as wetenskap ontwikkel het, het meer fasette van intelligensie na vore gekom en deesdae word intelligensie selde as 'n enkele algemene faktor beskou.

Die studie van intelligensie en meer spesifiek die meting van kognitiewe funksionering word deur probleme en kontroversie gekenmerk en Foxcroft en Roodt (2005) sê in hierdie verband:

*We need to start by looking at the theoretical underpinning of the construct. It may surprise you to learn that, even today, psychologists do not agree on how to define cognitive functioning or intelligence, how to explain exactly the way in which it functions, or how it should be measured.*

Reeds so vroeg as in 1884 het Sir Francis Galton ('n neef van Charles Darwin) die eerste 'wetenskaplike' toets gebruik om sogenaamde intelligensie te toets. Die toetse wat Raymond Bernard Cattell aan die begin van die eeu in Amerika gebruik het, het op hul beurt veral op die meting van verskille in reaksietyd gefokus (Foxcroft & Roodt, 2005), terwyl Binet en Simon (1905) se toetse die individu se redeneringsvermoë en kritiese denke gemeet het. Sedert die begin van die 20ste eeu het daar ook verskillende sieninge ontstaan en is daar gedebatteer of 'n persoon se intelligensie deur 'n enkele of meervoudige faktore beïnvloed word.

Definisies oor intelligensie kan in drie kategorieë verdeel word (Maree, 2008a):

- Dié wat aanpassing by die omgewing beklemtoon.
- Dié wat fokus op die leerder se vermoë om te 'leer'.
- Dié wat klem plaas op intellektuele kapasiteit en vermoëns om 'n wye reeks (verbale en numeriese) simbole en konsepte te hanter.

### 3.2.2.1 Teorieë oor intelligensie

Verskeie teorieë oor intelligensie is oor die afgelope dekades geformuleer, tesame met benaderings tot die meet van intelligensie. Foxcroft en Roodt (2005:121) verduidelik die kontroversie op die gebied van intelligensiemeting soos volg:

*Although each of these theories contributes to our general understanding of intelligence in its own way, each has both supporters and critics – this highlights the controversial nature of dealing with and trying to understand and explain human cognitive functioning. ... the framework of perspective that we use to view people will affect the way in which we interpret our observations and measurement results.*

Die verskillende intelligensieteorieë word vervolgens kortlik bespreek:

- **Een algemene faktor (*g*)** – Spearman was die eerste persoon wat voorgestel het dat een enkele faktor gebruik kan word om die verskille tussen individue te verklaar. Hy het voorts verduidelik dat alhoewel meervoudige faktore geïdentifiseer kan word, 'n enkele onderliggende faktor deur tweede-orde faktoranalise uitgewys kan word. Dit het geleid tot die welbekende twee-faktorteorie van intelligensie wat 'n algemene faktor (*g*) en spesifieke faktore (*s*) insluit. Die algemene faktor kan weer in twee onderskeibare faktore –  $g_f$  (vloeibare intelligensie) en  $g_c$  (gekristalliseerde intelligensie) onderverdeel word.
- **Meervoudige faktore** – Louis Thurstone (1930) was 'n voorstander van die meervoudigefaktor-teorie. Hy het sewe primêre kognitiewe vermoëns geïdentifiseer, naamlik verbale begrip, algemene redenering, woordvlotheid, geheue, getalbewerking, ruimtelike en perceptuele spoedvermoë.
- In 1936 het Thorndike (Bar-On, 2009) die konsep '**sosiale intelligensie**' geskep en gedefinieer as die vermoë om mense (mans en vroue, seuns en dogters) te verstaan en te bestuur – om met wysheid in menslike verhoudings op te tree. Volgens Meijer (2010) het baie van die vroeë studies oor sosiale intelligensie gefokus op die ontwikkeling van wyses waarop sosiaal-bevoegde gedrag beskryf en geassesseer kan word (Chapin, 1942; Chapin, 1967; Doll, 1953; Mos, Hunt, Omwake & Woodward, 1955; Thorndike & Stein, 1937). Cronbach was een van 'n groep navorsers wat tot die gevolgtrekking gekom het dat sosiale intelligensie nie gemeet kan word nie (Meijer, 2010). Prominent sielkundiges soos Kelly (1955), Rogers (1961) en Cantor en Kihlstrom (1987, 1989) het egter navorsingsaktiwiteite op die gebied van die sosiale intelligensie voortgesit. Die navorsingsfokus het verskuif vanaf assessering na interpersoonlike gedrag en die rol wat laasgenoemde in die doeltreffende funksionering in 'n sosiale konteks vervul (Zirkel, 2000). Definisies van sosiale intelligensie sluit die volgende in: die vermoë om met ander mense om te gaan (Wechsler, 1958); interpersoonlike kennis, die vermoë om ander se gevoelens, gemoedstoestande en motivering korrek teoordeel (Vernon, 1933); effektiewe sosiale funksionering (Keating, 1978) en die vaardigheid om nieverbale aanduidings te begryp (Barnes & Sternberg, 1989).
- **Biologiese meting** (reaksietyd en evoked potential) – Verskillende fisiese en biologiese maatstawwe word gebruik om korrelasies met intelligensietellings te tref. So byvoorbeeld maak die tempo waarteen 'n individu inligting kan verwerk 'n integrale deel uit van die individu se algemene intelligensie. Wundt (1865) se werk –

waar hy verskeie fisiese metings in sy laboratorium gedoen en opgeskryf het – het as vertrekpunt vir hierdie benadering gedien (McLeod, 2008).

- **Meervoudige intelligensie** - Die werk van Gardner (Gardner, 1999) het nie die bestaan van die tradisionele meting van intelligensie bevraagteken nie, maar wel die toepaslikheid daarvan. Hy identifiseer aanvanklik sewe intelligensies: Die eerste twee wat tipies in skole hoog aangeslaan word, linguistiese en logies-wiskundige intelligensie; die volgende drie wat normaalweg met die kunste geassosieer word, musikale, liggaamlik-kinestetiese en ruimtelike intelligensie en dan die laaste twee wat Gardner (1999) die persoonlike intelligensie noem – interpersoonlike- en intrapersoonlike intelligensie. Gardner het die term ‘persoonlike intelligensie’ geskep. Interpersoonlike intelligensie behels ‘n persoon se vermoë om die intensies, motivering en begeertes van ander persone te kan begryp en effektief met ander te kan saamwerk. Intrapersoonlike intelligensie daarenteen behels die mens se vermoë om homself te verstaan in terme van eie behoeftes, vrese en vermoëns, en om die inligting só te gebruik dat die eie lewe doeltreffend bestuur kan word (Cilliers, 2004). Hy voer aan dat die genoemde vermoëns deur bykans alle kulture as belangrik beskou word en dat dit korrelasies met sekere breinstrukture toon (Cilliers, 2004; Collins, 1998; Eysenck, 1998; Gardner, 1999; Nelson, 1995). Sedert Gardner sy oorspronklike lys van sewe intelligensies in 1983 saamgestel het, het daaropvolgende navorsing die moontlikheid van nog drie moontlike intelligensies geïdentifiseer – ‘naturalistic’ intelligensie, spirituele intelligensie en eksistensiële intelligensie (Gardner, 2006).
- **Kontekstuele intelligensie** – Hier is veral die werk van Sternberg (1984) van belang. Hy fokus op sosio-kulturele faktore en meld dat sosio-kulturele konteks ook in ag geneem moet word by die bepaling van ‘n individu se intelligensie. Daar word veral op ‘n persoon se vermoë om by die wêreld aan te pas gefokus.
- **Konseptuele intelligensie** en die sisteembenadering/inligtingverwerkingsbenadering – Die inligtingverwerkingsbenadering staan tans bekend as die kognitiewe prosesseringsbenadering tot die meet van intelligensie. Volgens hierdie benadering bestaan intelligensie uit drie komponente – aandaggewende prosesse, inligtingsprosesse en beplanningsprosesse.
- **Dinamiese assessering** – Hierdie benadering tot assessering fokus op die individu se huidige en potensiële toekomstige vlak van kognitiewe vermoë. ‘n Leertaak word tussen die twee assessorings ingesluit. Foxcroft en Roodt (2005:123) verduidelik die proses soos volg:

*By providing a learning opportunity as part of the assessment, it takes into account that individuals can differ considerably in terms of their educational and socio-economic background – factors that are known to influence cognitive performance – and attempts to provide an opportunity for individuals to indicate their potential levels of performance irrespective of their background – factors that are known to influence cognitive performance – and attempts to provide an opportunity for individuals to indicate their potential levels of performance irrespective of their background.*

- **Emosionele intelligensie (EI)** – Die literatuurstudie dui daarop dat navorsers emosionele intelligensie verskillend konseptualiseer en definieer en daar bestaan tans drie modelle van emosionele intelligensie, die *Salovey-Mayer Model*, (Vaardighede 'Ability'), die *Goleman Model* (Gemengde), die *Bar-On Model* (Eienskappe 'Trait'). Goleman (1995) het die tradisionele definiëring van intelligensie bevraagteken, en EI se impak op die soeke na betekenis in die lewe. Hy het veral gewonder waarom die rol van emosies in die tradisionele definisies ontken word, aangesien intelligensie alleen nie effektiewe funksionering en sukses bepaal nie. Volgens Goleman (1996b) sluit emosionele intelligensie 'n individu se vermoë in om die eie en ander se emosies te kan identifiseer en verstaan, emosionele taal te begryp, en emosies te kan gebruik om kognitiewe aktiwiteite en gedrag te reguleer. (Goleman gebruik ook die term 'persoonlike intelligensie' om te verwys na 'emosionele intelligensie' (Cilliers, 2004)). Salovey (2004) sluit hierby aan en beskryf emosionele intelligensie as die vermoë van 'n individu om emosioneel-gelaaiide inligting op effektiewe wyse te prosesseer en gebruik, kognitiewe aktiwiteite (byvoorbeeld probleemoplossing) te reguleer, en energie op bepaalde gedrag te fokus. Bar-On (2003) beklemtoon voorts dat emosionele intelligensie deur inoefening en terapeutiese ingryping oor 'n tydperk ontwikkel kan word. Ten einde as 'n vorm van intelligensie beskou te word moet emosionele intelligensie volgens Pfeiffer (2001:140) egter aan sekere kriteria voldoen: *an ability to define the type of intelligence, a means of measuring the intelligence, the ability to document its partial or complete independence from other types of intelligences and an ability to demonstrate that it predicts some real world criteria.*- Bar-On (2007) verwys na navorsing wat spesifiek gefokus het op die neurologiese verbindings wat emosionele intelligensie en kognitiewe intelligensie van mekaar onderskei:

*Not only are the neutral circuitries that govern emotional intelligence and cognitive intelligence situated in different areas of the brain, there is a low degree of correlation between these two types of intelligences as has been demonstrated here and elsewhere (Van Rooy & Viswesvaran, 2004; Van Rooy, Pluta & Viswesvaran, 2005). Both sources of evidence, neurological and statistical, indicate that emotional intelligence and cognitive intelligence represent different types of intelligence.*

- Persoonlike intelligensie soos geïdentifiseer deur Gardner is dus dit waarna Goleman verwys as ‘emosionele intelligensie’ (Cilliers, 2004). Die waarde van enige vorm van intelligensie lê waarskynlik in die vermoë om bepaalde voorspellings aangaande mense se prestasie op sekere gebiede te maak (Cilliers, 2004).

Die rol van IK en EK in die voorspelling van akademiese prestasie en lewensukses word vervolgens kortliks bespreek.

### 3.2.2.2 Intelligensiekwosiënt (IK) versus Emosionele Kwosiënt (EK) as voorspellers van akademiese prestasie en lewensukses

Die voorspellingswaarde van IK en EK vorm die fokus van talle studies (Di Fabio, Palazzechi, 2009; Song, Huang, Peng, La, Wong & Chen, 2010). Intelligensiekwosiënt (IK) meet ‘n individu se intellektuele, analitiese, logiese en rasionele vermoëns. Emosionele kwosiënt meet die impak van emosionele intelligensie op die individu se soeke na betekenis in die lewe. Intelligensietoetse meet dus die individu se verbale, ruimtelike, visuele en wiskundige vaardighede. Die toetse het ten doel om vas te stel hoe die volgende individuele vaardighede ontwikkel: die aanleer van nuwe konsepte; redeneringsvermoë; die manipulering van syfers; abstrakte en analitiese denke; probleemoplossing deur gebruik te maak van vorige kennis; memorisering en herroeping van getalle en vermoë om op take en aktiwiteite te fokus. Volgens Stein en Howard (2006:14) sal ‘n persoon met ‘n hoë IK dus talle soorte eksamens en toetse met vlieënende vaandels kan slaag en hoë tellings in IK-toetse behaal. Die outeurs wys egter daarop dat nie alle persone met ‘n hoë IK-telling noodwendig in hul persoonlike of beroepslewe suksesvol is nie:

*All that's fine, yet everyone knows people who could send an IQ test sky-high, but who can't quite make good in either their personal or working lives. They rub others the wrong way; success just doesn't seem to pan out. Much of the time, they can't figure out why. The reason why is that they're sorely lacking in emotional intelligence, which has been defined in several different ways.*

Gibbs (1995) reken dat kognitiewe vermoëns 20% tot ‘n mens se lewensukses bydra. Die orige 80% word deur sosiale klas, blote geluk, neurologiese veranderings wat oor miljoene jare deur evolusie plaasgevind het, en veral deur emosionele intelligensie bepaal. Volgens Mayer (1990) is emosionele intelligensie ‘n baie belangrike voorspeller van algemene lewensukses en in sy navorsing bevind hy dat emosionele intelligensie 25% tot ‘n persoon se lewensukses bydra. EI het ‘n beduidende impak (gemiddelde voorspellende geldigheidskoëfisiënt: .59) op menslike funksionering (Bar On *et al.* 2006) ten opsigte van: fisiese gesondheid, psigologiese welstand, sosiale interaksie, skoolsukses, selfaktualisering en werksukses.

Nog 'n aspek wat aandag moet geniet, is die ontwikkeling van IK en EK tydens die verskillende ontwikkelingsfases. Volgens Goleman (1998) ontwikkel kognitiewe intelligensie tot in die laat adolesensie en begin dan in die latere ontwikkelingsfases stelselmatig afneem. EK (emosionele en sosiale vaardighede) daarenteen neem toe namate die persoon ouer word (Bar-On, 2007).

In die volgende afdeling word daar op die verskillende definisies van die konsep emosionele intelligensie (EI) gefokus, waarna die fokus na die verskillende EI-modelle verskuif.

### 3.3 DEFINIËRING VAN DIE KONSEP ‘EMOSIONELE INTELLIGENSIE’ (EI)

Uit die literatuurstudie is dit duidelik dat verskeie outeurs al gepoog het om EI te definieer. Alvorens daar 'n operasionele definisie vir EI daargestel word, word die definiering van die konsep EI deur die vernaamste navorsers in hierdie veld bespreek. Volgens Holt en Jones (2005) kan bestaande teorieë aangaande EI in twee dominante gedagtesstrominge/gedagteskole verdeel word:

- Die ‘puriste’-posisie soos deur Mayer en Salovey en hul kollegas voorgehou. Hierdie outeurs beskou EI as 'n vaardigheid soortgelyk aan ruimtelike of verbale vaardighede.
- Die gemengde metode soos voorgehou deur Bar-On en Goleman. Hulle kombineer die hantering en verwerking van emosies met persoonlikheidsaspekte soos optimisme en uithouvermoë/volharding.

Die term ‘emosionele intelligensie’ is reeds in 1990 deur Salovey en Mayer gebruik (Gibbs, 1995). In sy ondersoek ongeveer vyf jaar later het Goleman die definisie van emosionele intelligensie tot vyf vaardighede vereenvoudig. In die volgende afdeling word daar kortliks na die vernaamste definisies van emosionele intelligensie gekyk.

#### 3.3.1 Mayer, Salovey en Caruso

Salovey en Mayer (1990:773) definieer EI oorspronklik as:

*A type of emotional information processing that includes accurate appraisal of emotions in oneself and others, appropriate expression of emotion, and adaptive regulation of emotions in such a way as to enhance living.*

Mayer, Caruso en Salovey (2000:267) het later hierdie definisie aangepas en EI gekonseptualiseer as:

*An ability to recognize the meanings of emotions and their relationships, and to reason and problem-solve on the basis of them. Emotional intelligence is involved in the capacity to perceive emotions, assimilate emotion-related feelings, understand the information of those emotions, and manage them.*

Hierdie bygewerkte definisie van Mayer en sy kollegas is gebaseer op die idee dat emosies inligting oor 'n persoon se verbondenheid aan ander mense of objekte bevat. Hierdie verbindings is nie altyd in die hier en die nou nie, maar volgens Mayer, Perkins, Caruso en Salovey (2000) kan dit in die persoon se geheue of selfs in die verbeelding gesetel wees. 'n Verandering in hierdie verbindings met ander mense/objekte lei dan tot 'n verandering in die emosies wat daardeur veroorsaak word.

### **3.3.2 Goleman en Boyatzis**

Volgens Goleman (1996b) sluit emosionele intelligensie 'n individu se vermoë in om die eie en ander se emosies te kan identifiseer en verstaan, emosionele taal te begryp, en emosies te kan gebruik om kognitiewe aktiwiteite en gedrag te reguleer. Goleman (1998:317) definieer EI as:

*... the capacity for recognising our own feelings and those of others, for motivating ourselves and for managing emotions in ourselves and in our relationships.*

Boyatzis (1982) en Goleman (1995, 1998) het hul werk oor EI geïntegreer en stel die volgende definisie voor (Boyatzis, Goleman & Rhee, 2000:344):

*Emotional intelligence is observed when a person demonstrates the competencies that constitute self-awareness, self-management, social awareness, and social skills at appropriate times and ways in sufficient frequency to be effective in the situation.*

### **3.3.3 Bar-On**

Bar-On het reeds in 1983 die term emosionele intelligensie die eerste keer gebruik. Hy beskou EI as 'n nie-kognitiewe komponent van intelligensie enstel dit mense wat emosioneel en sosiaal intelligent is oor die vermoë beskik om hulleself te verstaan en uit te druk, om ander se emosies te herken en te verstaan en om suksesvol die eise van daaglikse lewe te hanteer (Bar-On, Maree & Elias, 2006). Die emosionele intelligente individu beskik ook oor probleemoplossingsvaardighede en die vermoë om konstruktiewe verhoudings met ander in stand te hou en om self-motiverend te wees.

Om EI kortliks te omskryf gee Bar-On (2009:17) die volgende verkorte definisie: EI is 'n reeks nie-kognitiewe vermoëns en vaardighede wat 'n individu se vermoë om

veranderinge in die omgewing te hanteer beïnvloed. Samevattend kan EI dus simplisties gedefinieer word as die intelligente gebruik van emosies.

### 3.4 EI-MODELLE

#### 3.4.1 Die Mayer-Salovey-Caruso-model

Volgens Mayer, Salovey en Caruso (2004) se hersiene definisie sluit EI die vermoë in om emosies akkuraat waar te neem, 'n skatting van emosies te maak en op 'n sosiaal aanvaarbare wyse aan emosies uiting te gee. Dit sluit ook die vermoë in om toegang tot emosies te verkry en daardie emosies te gebruik wanneer denke gefasiliteer word (Cilliers, 2004). Salovey en Mayer (1990) wys voorts daarop dat wanneer EI beskryf word, daar 'n onderskeid tussen persoonlikheidstrekke en talente getref moet word. Emosionele intelligensie sluit die vermoë in om ander mense se emosies op te som ('n kognitiewe vaardigheid) en spruit nie bloot uit 'n ekstroverse, betrokke persoonlikheidstipe nie (Cilliers, 2004).

Mayer, Salovey en Caruso (2004) identifiseer vier komponente van emosionele intelligensie, naamlik die vermoë om emosies waar te neem, te verstaan en te bestuur, asook die vermoë om emosies te gebruik om denke te fasiliteer. Hierdie vier komponente word in Figuur 3.1 uiteengesit:

## EMOSIONELE INTELLIGENSIE

	Die vermoë om bereid te wees om alle emosies (aangenaam of onaangenaam) te beleef
Refleksie en regulering van emosies om emosionele groei te bevorder	Die vermoë om by 'n emosie betrokke te raak al dan nie, afhangende van inligting oor en bruikbaarheid van die emosie
	Die vermoë om eie en ander se emosies te monitor en te bepaal hoe duidelik, tipies, invloedryk en realisties die emosies is
	Die vermoë om eie en ander persone se emosies te beheer deur negatiewe emosies se impak te verlaag en positiewe emosies se impak te vergroot
	Die vermoë om emosies te benoem en om die verband tussen beskrywende woorde en die emosies te begryp
Verstaan en ontleding van emosies; toepassing van emosionele kennis	Die vermoë om die betekenis van 'n emosie in 'n bepaalde situasie te interpreteer bv. hartseer na 'n verlies
	Die vermoë om komplekse emosies soos gelyktydige haat en liefde of 'n kombinasie van vrees en verrassing te verstaan
	Die vermoë om 'n moontlike oorgang van een emosie na 'n ander te herken, soos van woede na skaamte
	Emosies prioritiseer denke aandag op belangrike inligting te vestig
Emosionele fasilitering van denke	Emosies is duidelik en beskikbaar genoeg om as hulpmiddels tydens besluitneming en geheue oor gevoelens gebruik te word
	Emosionele gemoedskommelinge verander 'n individu se perspektief van optimisties na pessimisties en moedig die oorweging van verskeie sienswyses aan
	Verskillende emosionele toestande moedig spesifieke probleemoplossingsmetodes aan. Só fasiliteer gevoelens van geluk, induktiewe redenering en kreatiwiteit
Persepsie-vorming, skatting en die uitdrukking van emosies	Die vermoë om emosies in mense se gevoelstaal, emosies self en denke te identifiseer
	Die vermoë om emosies in ander persone, ontwerpe en kunswerke deur middel van taal, klank, voorkoms en gedragsleidrade te identifiseer
	Die vermoë om emosies en behoeftes wat daarmee verband hou, akkuraat uit te spreek
	Die vermoë om tussen akkurate en onakkurate, asook tussen eerlike en vals emosies te onderskei

### Figuur 3.1: Emosionele Intelligensie, soos gesien deur Mayer en Salovey

Bron: Aangepas uit Mayer & Salovey (1997:14-20)

#### 3.4.2 Die Cherniss-Goleman-model

Goleman (1998) definieer EI as die vermoë van die individu om sy/haar eie en ander mense se emosies te herken; om hom-/haarself te motiveer en sy/haar emosies in die verhouding met ander individue te beheer. Cherniss en Goleman se definisie van emosionele intelligensie stel vier basiese EI-domeine voor, te wete: Self-bewustheid<sup>1</sup>, Selfbestuur, Sosiale bewustheid en Verhoudingsbestuur (Maree & Ebersöhn, 2002). In Tabel 3.1 word die Cherniss-Goleman-model as raamwerk vir emosionele bevoegdhede voorgehou.

**Tabel 3.1: Die Cherniss-Goleman-model: 'n Raamwerk vir emosionele bevoegdhede**

	SELF  Persoonlike bevoegdheid	ANDER  Sosiale bevoegdheid
<b>Herkenning</b>	<b>Self-bewustheid</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Emosionele self-bewustheid</li> <li>Akkurate selfevaluering</li> <li>Selfvertroue</li> </ul>	<b>Sosiale Bewustheid</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Empatie</li> <li>Diensoriëntasie</li> <li>Organisatoriese bewustheid</li> </ul>
<b>Regulerung</b>	<b>Selfbestuur</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Selfkontrole</li> <li>Betroubaarheid</li> <li>Pligsgetrouwheid</li> <li>Aanpasbaarheid</li> <li>Inisiatief</li> <li>Dryfkrag om te presteer</li> </ul>	<b>Verhoudingsbestuur</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Ontwikkel ander</li> <li>Invloed</li> <li>Kommunikasie</li> <li>Konflikhantering</li> <li>Leierskap</li> <li>Katalisator vir verandering</li> <li>Bou netwerke</li> <li>Spanwerk en samewerking</li> </ul>

Bron: Soos aangepas uit Cherniss en Goleman (2001) in Maree en Ebersöhn (2002:266)

---


<sup>1</sup> Die doelbewuste koppelteken in die woord dui daarop dat die konsep met 'n bewusheid van die self te make het.

### 3.4.3 Die Bar-On-model

Emosionele intelligensie bestaan volgens Bar-On (2009) uit vyf komponente wat op hul beurt in die volgende onderafdelings verdeel word:


- Intrapersoonlike vaardighede – die beheer van eie emosies, selfgeldendheid, selfrespek, selfaktualisering, onafhanklikheid
- Interpersoonlike vaardighede – empatie, sosiale verantwoordelikheid, interpersoonlike verhoudings
- Aanpasbaarheid – realiteitstoetsing, buigsaamheid, probleemoplossingsvaardighede
- Stresbestuur – strestoleransie, impulsbeheer
- Algemene gemoedstoestand – optimisme, gevoelens van geluk

Die vyf komponente word in Figuur 3.2 aangedui en in meer besonderhede in Figuur 3.3 bespreek.



**Figuur 3.2: Die vyf komponente van Bar-On se model van Emosionele Intelligensie**

Bron: Bar-On (2009:26)



**Figuur 3.3: Bar-On se model van Emosionele Intelligensie**

Bron: Saamgestel uit Bar-On (2003; 2009)

Bar-On (2003) beklemtoon dat emosionele intelligensie deur inoefening en terapeutiese ingryping oor 'n tydperk ontwikkel kan word, en derhalwe word die proses eerder as die produk in hierdie model beklemtoon. Goleman (2008) verduidelik die verband tussen neuroplastisiteit en die aanleer van sosiale en emosionele vaardighede soos volg:

Courses in social and emotional learning also make great sense because of neuroplasticity – the fact that repeated experiences shape the brain. The more a child practices self-discipline, empathy, and cooperation, the stronger the underlying circuits become for these essential life skills.

Die meting en voorspellingswaarde van emosionele intelligensie word vervolgens kortlik bespreek.

### 3.5 DIE METING VAN EMOSIONELE INTELLIGENSIE

Verskeie navorsers is van mening dat die waarde van EI slegs bepaal kan word deur die wyses waarvolgens EI geassesseer word, te ondersoek (Ciarrochi, Chan, Capute & Roberts, 2001). Die meting van EI was die afgelope dekade die onderwerp van verskeie debatte en navorsing (Austin, Saklofske, Huang & McKenney, 2004; Bar-On & Parker, 2000; Davis, 2004; Pfeiffer, 2001; Smith, 2002). Sommige navorsers (Mayer, Salovey & Caruso, 2001) is van mening dat EI 'n kognitiewe vaardigheid is, wat impliseer dat dit deur middel van probleemoplossingsaktiwiteite geassesseer moet word, terwyl ander (Bar-On, 1997; Salovey, Mayer, Goldman & Palfai, 1995; Schutte *et al.*, 1998) van mening is dat dit deur self-rapporteringsvraelyste geassesseer moet word. EI word tans op twee wyses geassesseer, naamlik deur prestasiegebaseerde toetse en self-rapporteringsvraelyste.

In Tabel 3.2 verskyn 'n kort beskrywing van prestasiegebaseerde en self-rapporteringsvraelyste, asook assesseringsmedia wat ingeskakel word by die meting van EI.

**Tabel 3.2: Prestasiegebaseerde toetse en self-rapporteringsvraelyste**

	PRESTASIEGEBASEERDE TOETSE	SELF-RAPPORTERINGSVRAELYSTE
<b>Beskrywing</b>	Prestasiegebaseerde toetse bevat response wat volgens objektiewe, voorafbepaalde toekenningsskriteria geëvalueer word	Die individu rapporteer self oor sy/haar eie EI-vlakte
<b>Assesserings -media</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Multifactor Emotional Intelligence Scale (MEIS)</i> (Mayer &amp; Salovey, 1997)</li> <li>• <i>Mayer-Salovey-Caruso Emotional Intelligence Test (MSCEIT)</i> (Mayer, Salovey &amp; Caruso, 2001)</li> <li>• <i>Levels of Emotional Awareness Scale (LEAS)</i></li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Trait Meta-Mood Scale (TMMS)</i> (Salovey, Mayer, Goldman &amp; Palfai, 1995)</li> <li>• <i>Schutte Self-Report Inventory (SSRI)</i> (Schutte <i>et al.</i>, 1998)</li> <li>• <i>Toronto Alexithymia Scale (TAS-20)</i></li> <li>• <i>Trait Emotional Intelligence Questionnaire (TEIQue)</i></li> </ul>

- |  |   |
|--|---|
| <p>(Lane, Quinlan, Schwartz, Walker &amp; Zeitlin, 1990)</p> | <p>(Pertrides, 2009)</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Emotional Competence Inventory (ECI)</i><br/>(Boyatzis, Goleman &amp; Hay/Mc Ber, 1999; Wolff, 2005)</li> <li>• <i>Emotional Intelligence Inventory (EQ-i)</i><br/>(Bar-On, 1997)           <ul style="list-style-type: none"> <li>○ <i>EQ-i:YV (Youth Version)</i><br/>(Bar-On &amp; Parker, 2000)</li> </ul> </li> </ul> |
|--|---|

Verskeie navorsers het die voordele en nadele van prestasiegebaseerde toetse en selfrapportervraelyste uitgewys (Brackett, Rivers, Shiffman, Lerner & Salovey, 2006; Ciarrochi et al., 2001; Meijer, 2010) en die verskille tussen prestasiegebaseerde en selfrapportering-assessering geïdentifiseer. Hierdie verskille word in Tabel 3.3 hier onder uiteengesit:

**Tabel 3.3: Verskille tussen prestasiegebaseerde toetse en selfrapportervraelyste**

PRESTASIEGEBASEERDE TOETSE	SELFRAPPORTERINGSVRAELYSTE
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Individu se ware EI word gemeet.</li> <li>• Hierdie tipe toets is meer tydrowend omdat dit 'n uitgebreide aantal observasies vereis alvorens 'n individu se EI-vlak bepaal kan word.</li> <li>• Die toetse hou minder verband met persoonlikheidsassessering, maar oorvleuel in 'n mate met tradisionele intelligensie-meetinstrumente.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Waargenome EI word geassesseer.</li> <li>• Dit is die mees gekose wyse om EI te meet omdat dit maklik is om af te neem en te interpreteer.</li> <li>• 'n Individu kan sy/haar eie EI-vlakke in 'n paar bondige stellings opsom.</li> <li>• Hierdie vraelyste vereis van individue om insig in hul eie EI-vlakke te toon en dit kan dus gebeur dat 'n individu nie noodwendig 'n akkurate begrip van sy/haar eie EI het nie.</li> <li>• Die individu kan sy/haar response verdraai om beter of swakker en meer sosiaal aanvaarbaar te laat vertoon. Skale wat die mate kan bepaal waarin response verdraai word, behoort dus by selfrapportervraelyste ingesluit te word.</li> </ul>

Die motivering vir die gebruik van die *BarOn EQ-i:YV<sup>TM</sup>* (Bar-On & Parker, 2000) vir hierdie studie is dat dit 'n gestandaardiseerde meetinstrument is wat as geldig en betroubaar beskou kan word (Bar-On, 2004; Bar-On & Parker, 2000; Maree, 1997) en in die volgende afdeling word daar kortliks op Bar-On se selfrapporteringsvraelys – *Emotional Intelligence Inventory (EQ-i)* – gefokus. Die *Emotional Intelligence Inventory: Youth Version (EQ-i:YV)<sup>TM</sup>* (Bar-On & Parker, 2000) sal daarna in meer besonderhede bespreek word. Ek stel meer daarin belang om 'nie-kognitiewe' fasette van EI (soos beliggaam in Bar-On en Parker (Bar-On & Parker, 2000) se vraelys) te evalueer as in meting van 'kognitiewe' EI.

### 3.5.1 Emotional Intelligence Inventory (EQ-i) (Bar-On & Parker, 2000)

Bar-On (1977) het baanbrekerswerk gedoen deur die eerste empiries-gekonstrueerde toets vir nie-kognitiewe intelligensie in die wêreld te ontwikkel. Hierdie toets (in die vorm van 'n vraelys) is uniek aangesien dit 'n omvattende reeks bestaande waarnemings en teorieë, metodologiese strategieë en navorsingsbevindings van 'n multifaktoriële aard kombineer (Meijer, 2010). Die toets maak van 'n vier-punt Likertskaal gebruik om die response van die deelnemers te gradeer: (1) – *baie selde waar van my*; (2) – *selde waar van my*; (3) – *dikwels waar van my*; (4) – *baie dikwels waar van my*.

In Figuur 3.3 word die vyf skale skematies voorgestel. Die EQ-i bestaan uit 133 items wat 15 subskale meet. Hierdie subskale word in vyf komponente verdeel:

- Intrapersoonlike komponent
  - Emosionele self-bewustheid
  - Selfgeldendheid
  - Selfagting
  - Selfaktualisering
  - Onafhanklikheid
- Interpersoonlike komponent
  - Empatie
  - Interpersoonlike verhoudings
  - Sosiale verantwoordelikheid
- Aanpasbaarheid
  - Probleemoplossing
  - Realiteitstoetsing
  - Buigsaamheid
- Streshantering
  - Strestoleransie

- Impulsbeheer
- Algemene gemoedskale
  - Geluk
  - Optimisme

Die voordele van die Bar-On (EQ-i) lê volgens Bharwaney (2007) in die feit dat dit deur standvastige en uitgebreide navorsing onderlê word, meer as enige ander emosionele intelligensie meetinstrument wat tans beskikbaar is. Die outeur identifiseer ook die volgende voordele van die Bar-On (EQ-i):

Die uitgebreide navorsing het 'n indrukwekkende stel norme geskep wat die Bar-On (EQ-i) se geldigheid en betroubaarheid verseker. Bharwaney (2007:49) stel dit soos volg:

*It is the only available measurement of emotional intelligence that has the validity and norms to make its use for recruitment possible.*

- Dit is die enigste meetinstrument wat EI werklik meet soos wat dit in artikels omskryf word.
- Die formaat van sekere verslae sluit 'n numeriese (kwantitatiewe) waarde van EI in – enige waarde tussen 85 en 115 kan as effektiewe funksionering geïnterpreteer word.
- Dit is 'n eenvoudige model van emosionele intelligensie wat dit moontlik maak vir almal om daarmee te kan identifiseer, ongeag ouderdom, beroep of persoonlike omstandighede.
- Daar is 'n hele 'familie' van Bar-On (EQ-i) produkte beskikbaar, onder andere die *Emotional Intelligence Inventory: Youth Version (EQ-i:YV™)* waarop in hierdie studie gefokus word.
- Daar is voorts verskillende formate van die EI-verslag beskikbaar – die opsommende verslag, 'n 11-bladsy hulpbronverslag, 'n 17-bladsy ontwikkelingsverslag en 'n groepverslag.
- Die tellings kan vergelyk word met dié van ander persone van dieselfde ouderdom en geslag uit die algemene bevolking.
- Daar is ook 'n 360°-weergawe wat dit moontlik maak dat tot 49 ander persone 'n mens kan evalueer om sodoende 'n meer omvattende opsomming van jou emosionele funksionering te maak.

Daar is egter ook kritiek op die gebruik van selfevalueringsvraelyste deurdat respondenten hulle response kan verdraai om hulleself beter of swakker te laat vertoon (Ciarrochi et al., 2001). Die Bar-On (EQ-i) het vier geldigheidsaanduiders wat dit moeilik maak om die toets te

manipuleer. Bharwaney (2007). 'n Punt van kritiek teen die gebruik van die *Intelligence Inventory: Youth Version (EQ-i:YV<sup>TM</sup>)* (Bar-On, 2000), is dat die toetsafnemers deur geakkrediteerde instansies opgelei moet word en aan sekere vereistes moet voldoen.

In die huidige studie word die *Emotional Intelligence Inventory: Youth Version (EQ-i:YV)* (Bar-On & Parker, 2000), gebruik om die adolescent se emosionele intelligensie te meet. Hierdie instrument is gestandaardiseer en kan dus as geldig en betroubaar beskou word. (Die geldigheid en betroubaarheid van die *EQ-i:YV<sup>TM</sup>* (Bar-On & Parker, 2000) word in hoofstuk 5 bespreek.)

### 3.5.1.1 Die EQ-i:YV<sup>TM</sup>

Bar-On en Parker (2000) het hierdie EI-selfrapporteringsmeetinstrument ontwikkel vir kinders en adolescentes tussen die ouderdomme van 7 en 18 jaar. Dieselfde vier-punt Likertskaal soos vir die EQ-i word gebruik. Die *EQ-i:YV<sup>TM</sup>* (Bar-On, 2000), bestaan uit 60 items wat oor sewe skale versprei is. Daar is ook 'n korter weergawe (30 items) beskikbaar. Die *EQ-i:YV<sup>TM</sup>* maak voorts voorsiening vir 'n positiewe indrukskaal wat ten doel het om individue te identifiseer wat óf 'n positiewe óf 'n negatiewe indruk van hulself het. 'n Verdere kenmerk van die *EQ-i:YV<sup>TM</sup>* (Bar-On & Parker, 2000) is die insluiting van 'n inkonsekwentheidssindeks wat vir die opspoor van nie-konsekwente antwoordstyle gebruik word. 'n Korrelasiefaktor kom voor wat aanpassings vir jong kinders moontlik maak.

Bar-On en Parker (2000) het 'n groot normatiewe steekproef gebruik en die instrument kan dus as geldig en betroubaar beskou word. 'n Verdere kenmerk van die *EQ-i:YV<sup>TM</sup>* (Bar-On & Parker, 2000) is dat geslag- en ouderdomspesifieke norme verstrek word. Die vier ouderdomsgroepe is 7–9, 10–12, 13–15 en 16–18 jaar. Die kernaspekte van emosionele intelligensie word deur die volgende multidimensionele skale gemaat:

- Totale Emosionele Intelligensie-skaal
  - Intrapersoonlike skaal
  - Interpersoonlike skaal
  - Aanpasbaarheids skaal
  - Streshanterings skaal
- Algemene gemoeds skaal
- Positiewe indrukskaal
- Inkonsekwentheidssindeks (Bar-On & Parker, 2000)

'n Verdere kenmerk van die *EQ-i:YV<sup>TM</sup>* (Bar-On & Parker, 2000) is dat die puntetoekenning en opstel van die profiele maklik deur die geregistreerde toetsafnemer gedoen kan word. Die tellings wat behaal word, kan kwalitatief en kwantitatief geïnterpreteer word. Gemiddelde tot bo-gemiddelde tellings kan kwalitatief geïnterpreteer word as dat die individu waarskynlik emosioneel en sosiaal doeltreffend funksioneer en moontlik emosioneel en sosiaal intelligent is. Laer tellings daarenteen kan weer daarop dui dat die individu emosionele, sosiale of gedragsprobleme ondervind. So byvoorbeeld kan hoë tellings op die volgende skale behaal, kwalitatief soos volg geïnterpreteer word:

- Intrapersoonlike skaal: Die persoon verstaan sy/haar emosies, kan hom-/haarself emosioneel uitdruk en beskik oor die vermoë om met ander persone te kommunikeer.
- Interpersoonlike skaal: Die persoon toon goeie interpersoonlike verhoudings en is 'n goeie luisteraar wat ander se gevoelens kan verstaan en waardeer.
- Aanpasbaarheidskaal: Die persoon is buigbaar en kan beskik oor die vermoë om in situasies aan te pas. Hy/sy is realisties, kan verandering hanteer en toon ook positiewe hanteringsmeganismes ten opsigte van alledaagse probleme.
- Streshanteringskaal: Die persoon kan kalm bly, tree nie impulsief op in moeilike situasies nie, en beskik oor die vermoë om onder druk te werk. Hy/sy kan moeilike situasies sonder emosionele uitbarstings hanteer.
- Totale emosionele intelligensieskaal: Die persoon is gewoonlik effektief in die hantering van daaglikse uitdagings en oor die algemeen gelukkig.
- Algemene gemoedskaal: Die individu is optimisties en het 'n positiewe uitkyk op die lewe.
- Positiewe indrukskaal: 'n Hoë telling kan daarop dui dat die persoon poog om 'n oordrewe positiewe selfindruk te skep, terwyl 'n lae telling kan impliseer dat die persoon geneig is om 'n oordrewe negatiewe selfindruk te skep.
- Inkonsekwentheidsindeks: Inkonsekwenthede is teenwoordig in die manier waarop die persoon op soortgelyk-bewoerde items geantwoord het. Die toetsafnemer moet dan vasstel of die persoon die instruksies verkeerd verstaan het, of die vrae moontlik op 'n agterlosige wyse beantwoord het.

Samevattend lê die motivering vir die gebruik van die Bar-On (EQ-i) en ook die *EQ-i:YV<sup>TM</sup>* (Bar-On & Parker, 2000) volgens Bharwaney (2007:51) in die volgende:

*An excellent research base underpins this instrument. It is very easy to understand, complete and make sense of the results. It's very powerful for starting a conversation about 'what is really going on' in a person's life.*

Die motivering vir die gebruik van die *BarOn EQ-i:YV<sup>TM</sup>* vir hierdie studie is dat dit 'n gestandaardiseerde meetinstrument is wat as geldig en betroubaar beskou kan word (Bar-On & Parker, 2000; Maree, 1997; Bar-On, 2004).

## 3.6 EMOSIONELE INTELLIGENSIE EN POSITIEWE SIELKUNDE

### 3.6.1 Positiewe sielkunde

Martin Seligman het in 1998 die term positiewe sielkunde geskep (Compton, 2005). Daar het egter reeds in die 1980's 'n paradigmaskuif in die sielkunde begin. Die navorsingsfokus in sielkunde voor die Tweede Wêreldoorlog het drie primêre doelwitte gehad: om psigiese versteurings te genees, talent te identifiseer en te ontwikkel, en die lewens van alle mense meer produktief en vervuld te maak. Volgens Compton (2005) is die skepping van groter lewensvervulling grootliks geïgnoreer en alhoewel die suksesse in verband met maniere waarop geestessiekte behandel kan word, indrukwekkend was, is die werklike prestasie (vanuit 'n praktiese oogpunt gesien) die feit dat mense gehelp kan word om weg te beweeg vanaf 'n staat van negatiewe emosionaliteit na wat beskryf kon word as 'n staat van neutrale emosionaliteit. Die nuwe perspektief van navorsing in sielkunde volgens Baumgardner en Crothers (2010) is die beskouing dat die veld van die sielkunde uit ewewig is, en dat daar sterker gefokus word op die negatiewe aspekte van menslike gedrag as op die positiewe aspekte daarvan. Positiewe sielkunde ontken nie die negatiewe aspekte nie, maar dit suggereer ook nie dat alle sielkunde op die negatiewe toegespits is nie. Dit impliseer eerder dat die nuwe en ontluikende perspektief van positiewe sielkunde 'n meer realistiese en gebalanseerde siening van die menslike aard voorhou; 'n siening wat menslike sterkpunte en deugde insluit sonder om die mens se swakhede en vermoë tot die kwaad te ontken.

#### 3.6.1.1 Definiëring van positiewe sielkunde

Carr (2004) omskryf positiewe sielkunde as 'n wetenskaplike inisiatief wat fokus op die begryp en verduideliking van geluk en subjektiewe welsyn, asook op die akkurate voorspelling van faktore wat sodanige toestande beïnvloed. As 'n kliniese inisiatief hou positiewe sielkunde verband met die versterking van subjektiewe welsyn en geluk, eerder as

die remediëring van tekorte. Dus, die positiewe sielkunde komplementeer die tradisionele kliniese sielkunde eerder as om dit te vervang.

Die positiewe sielkunde bestudeer karaktereienskappe (ook genoem sterktes) en positiewe instellings, asook positiewe emosies.

- **Positiewe eienskappe (of sterktes)** – Roos, Potgieter en Wissing (2005) konseptualiseer sterktes soos volg:
  - Kognitiewe sterktes het te make met die verkryging en gebruik van kennis, naamlik kritiese denke, 'n liefde vir leer, akademiese nuuskierigheid, kreatiwiteit en wysheid.
  - Emosionele sterktes verwys na kwaliteite soos dapperheid, uithouvermoë, integriteit, entoesiasme en emosionele intelligensie.
  - Interpersoonlike sterktes sluit liefde, ondersteuning en sosiale intelligensie in wat te doen het met die vorming en instandhouding van vriendskappe of sosiale verhoudings en EI se impak op die soeke na betekenis in die lewe.
  - Gemeenskapsterktes verwys na samewerking, sosiale verantwoordelikheid, eerlikheid, regverdigheid, mededoë, verdraagsaamheid en leierskapsvermoëns.
  - Sterktes wat teen oormaat beskerm, verwys na sterktes soos vergewingsgesindheid en welwillendheid, nederigheid, versigtigheid en selfregulerung.
  - Waardeverheldering sluit sterktes in wat te make het met die waardering van transendentale aspekte van die lewe en die vind van betekenis in en verbondenheid aan iets groter as die self, soos spiritualiteit, religiositeit, dankbaarheid, die vermoë om die estetika te waardeer, hoopvol te wees en humor en speelsheid te kan behou.
- **Positiewe instellings** verwys na demokrasie, die reg tot vryheid van spraak, vryheid van keuses, toegang tot inligting en gesinne wat mekaar ondersteun. Seligman (2002) verwys na die wisselwerking tussen positiewe instellings en positiewe eienskappe (sterktes). Die positiewe instellings is ondersteunend ten opsigte van bogenoemde sterktes, terwyl die sterktes op hul beurt weer ondersteunend ten opsigte van die positiewe emosies optree (Koen, 2008).
- **Positiewe emosies** kan omskryf word as
  - emosies oor die verlede (tevredenheid, trots, ens.);
  - emosies oor die teenwoordige wat onder geluk gekategoriseer word (ekstase, plesier, vreugde, ens.); en

- emosies oor die toekoms (hoop, optimisme, vertroue, geloof, ens.).

Die positiewe sielkunde volgens Koen (2008) is dus die wetenskaplike bestudering van optimale menslike funksionering op biologiese, institusionele , kulturele , globale en verhoudingsvlak.

### **3.6.2 Emosionele intelligensie as 'n integrale deel van die positiewe sielkunde**

Volgens Bar-On (2010:57) is daar verskeie empiriese bewyse wat die insluiting van EI as 'n integrale deel van die positiewe sielkunde ondersteun:

*Emotional intelligence is an integral part of positive psychology by demonstrating that EI has a significant impact on (a) human performance, (b) happiness, (c) well-being and (d) the quest for meaning in life, all of which are the focus of interest in positive psychology.*

Die verband tussen emosionele intelligensie en hierdie vier fokusareas van positiewe sielkunde word nou kortliks belig.

#### **3.6.2.1 Die impak van EI op akademiese en werksukses**

Die verband tussen emosionele intelligensie en akademiese prestasie was reeds die fokus van verskeie internasionale studies wat bevind het dat die volgende EI-faktore die grootste impak op akademiese sukses het: Die vermoë om stres te hanteer en emosies te beheer; die vermoë om probleme van 'n interpersoonlike en intrapersoonlike aard op te los; die motivering en dryfkrag om persoonlike doelwitte te stel en na te streef, en 'n optimistiese ingesteldheid. Volgens Bar-On (2010) staan EI telkens in 'n hoogs-beduidende verhouding tot werksukses. Die outeur meld voorts dat 'n toenemende aantal studies dui op die beduidende impak van EI op ander aspekte van menslike gedrag en sosiale interaksies, soos die vermoë om mediese probleme en lewensbedreigende gesondheidsprobleme te hanteer (Bar-On, 2010).

#### **3.6.2.2 Die impak van EI op geluk**

'n Studie waaraan 51 623 persone deelgeneem het, het bevind dat daar 'n korrelasie van 0,78 is wat daarop dui dat emosionele intelligensie baie sterk verwant is aan geluk (daar is 'n domeinoorvleueling van meer as 60%). Hierdie bevinding verleen sterk steun aan die verwantskap tussen emosionele intelligensie en positiewe sielkunde in die sin dat geluk deesdae as 'n hooffokus van belangstelling in die positiewe sielkunde beskou word (Bar-On, 2007).

### 3.6.2.3 EI se beduidende impak op psigologiese welstand

Volgens Schutte, Malouff, Smunek, McKenley en Hollander (2002) bestaan daar 'n teoretiese sowel as 'n navorsingsverband tussen emosionele intelligensie en emosionele welstand. 'n Studie deur Bar-On (2010) het bevind dat daar 'n hoë korrelasie tussen EI en die konstruk 'psigologiese welstand' is. Volgens die outeur het die volgende vier EI-vaardighede die hoogste voorspellingswaarde vir 'n persoon se psigologiese welstand: die vermoë om eie emosies te aanvaar; 'n besef van eie waarde; die vermoë om persoonlike doelwitte te formuleer en na te volg, en die vermoë om eie gevoelens te verstaan en sake in die regte perspektief te plaas. EI kan dus beskou word as 'n aanwyser van psigologiese welstand wat 'n belangrike komponent van die positiewe sielkunde is (Vittersø, 2001). Ciarrhochi en Scott (2006) het in 'n studie bevind dat persone wat dit moeilik vind om hul emosies te identifiseer en te verwoord, verhoogde vlakke van angstigheid ervaar. Volgens die outeurs sal persone wat nie hul emosies effektief kan bestuur en beheer nie, verlaagde vlakke van psigologiese welstand ervaar.

### 3.6.2.4 EI se impak op die soeke na betekenis in die lewe

Volgens Bar-On (2010) is selfaktualisering een van die faktore van EI wat 'n lang proses deurloop het waartydens 'n individu poog om sy/haar eie potensiaal te verwerklik op die soeke na sin betekenis in die lewe.

Bar-On (2010) wys op navorsing wat moontlik in die toekoms gedoen kan word om die integrale rol van EI in die positiewe sielkunde verder te belig. Behalwe vir 'n verkenning van die wyse waarop emosionele intelligensie gedurende die lewensverloop ontwikkel, sal dit vir die positiewe sielkunde van besondere waarde wees om te ondersoek wat die impak van EI is op die grootmaak en opvoeding van gesonde, goedaangepaste, doeltreffende, produktiewe en gelukkige kinders. Dit sou ook waardevol wees om ondersoek in te stel na die wyse waarop EI-bekwaamhede en -vaardighede, sowel as ander nou verwante faktore in die positiewe sielkunde, ten beste verhoog kan word.

Emosionele intelligensie vorm dus nie net deel van positiewe sielkunde nie, maar is ook 'n belangrike voorspeller vir sukses (Koen, 2008).

### 3.6.3 Begrippe wat met emosionele intelligensie verband hou

Die volgende begrippe wat met emosionele intelligensie verband hou en in verskeie studies (Brackett, Mayer & Warner, 2004; Fuller, 2001; Meadmore & Burnett, 2003; Prada, 2009)

gebruik word, word vervolgens kortliks omskryf. Hierdie lys is nie volledig nie en slegs enkele begrippe wat in die literatuur bespreek word, word in hierdie studie ingesluit.

- ‘**Alexithymia**’ word deur Brackett, Mayer en Warner (2004) gedefinieer as die onvermoë van ’n persoon om emosies te identifiseer en uitdrukking te gee aan emosies.
- **Veerkragtigheid (Resilience)** – Fuller (2001:41) definieer veerkragtigheid as *the happy knack of being able to bungee jump through the pitfalls of life*. Veerkragtigheid is dus die vermoë om oorlewingswyses ten tye van persoonlike krisisse te openbaar. Veerkragtigheid en emosionele intelligensie berus in ’n groot mate daarop om ’n verbondenheid met ander te ervaar, in voeling met hulle te wees en empatie met ander te hê (*connectedness, belonging and empathy*).
- **Verbondenheid** – Leerders wat voel dat hulle ‘behoort’ en ervaar dat hulle deur hul familie, groep, skool en gemeenskap aanvaar word. Hulle ondervind hoër vlakke van ondersteuning en kan negatiewe situasies en byvoorbeeld groepsdruk beter hanteer (Smith, 2002).
- **Empatie** word deur Campbell en Schalekamp (2001) gedefinieer as die vermoë om ’n ander persoon se emosies te verstaan. Dit beteken om letterlik te probeer verstaan hoe dit sal voel as jy in die persoon se skoene moes staan. Empatie vereis vaardighede soos begrip van ’n ander persoon se uitkyk, akkurate identifisering van die persoon se emosies en om op ’n toepaslike wyse op die persoon se emosies te reageer.

### 3.7 EMOSIONELE INTELLIGENSIE AS KONSEP EN FASET VAN DIE ADOLESCENT SE LEWE

Volgens Plug, Louw, Gouws en Meyer (1997) is ’n adolescent in ’n ontwikkelingsfase wat strek van puberteit tot volwassenheid. Die term ‘adolessensie’ is afgelei van die woord *adolescere* wat beteken om ‘groot te word’ of ‘te groei tot volwassenheid’ (Rice & Dolgin, 2011). Dit word algemeen in die ontwikkelingsielkunde aanvaar dat die adolescentefase tussen die ouderdomme van ongeveer 12 tot 20 jaar voorkom en dat dit derhalwe dui op die oorgangsfase tussen die kinderjare en volwassenheid (Koen, 2008). Louw (2007) verwys na adolessensie as die oorgangstydperk tussen kind-wees en volwassene-wording. Alhoewel die Kinderwet van Suid-Afrika (2005) ’n kind wetlik as volwasse beskou sodra hy/sy die ouderdom van 18 jaar bereik, is dit volgens Louw, Louw en Ferns (2007) en Chan (2012) meer aanvaarbaar om adolessensie op grond van spesifieke fisiese en psigiese ontwikkelingskenmerke en sosio-kulturele norme af te baken.

Volgens Maree en Fernandes (2003) sluit dié tydperk onsekerheid en verwardheid in, aangesien die adolescent nog nie 'n volwassene is nie, maar ook nie meer 'n kind nie. Die belangrikste ontwikkelingstaak in hierdie fase is die vorming van 'n self-identiteit, waar die persoon hom-/haarself afvra: Wie is ek? Mwamwenda (2004:67) verduidelik die vorming van self-identiteit soos volg:

*The search for identity becomes a preoccupation with adolescents. Adolescents want to know who they are, what they are capable of achieving, what they want to do in life, what values they want to adopt as their own, who they want to marry, the kind of family they want to have, their sexual orientation, and whether they are capable of sustaining friendships and commanding the respect of others.*

Die beantwoording van hierdie vrae gee aan die adolescent 'n gevoel van beheer, wat hom/haar in staat stel om sy/haar lewe te rig (Maree & Fernandes, 2003).

Daar bestaan verskeie teorieë wat elk op 'n verskillende faset van adolesensie fokus. Tabel 3.4 verskaf 'n beknopte oorsig oor hierdie teorieë.


**Tabel 3.4: Adolesensie soos gesien vanuit verskillende teoretiese perspektiewe**

Ontwikkelingsarea	Primêre teoretici	Hooffokus
Biologies	Hall, Gesell, Tanner	Die fisiese en seksuele ontwikkeling soos bepaal deur gene en die biologiese ontwikkeling.
Psigologies	Sigmund Freud, Anna Freud	Adolesensie word gesien as 'n tydperk van seksuele opwinding en angstigheid.
Psigososiaal	Erikson	Die identiteitsvorming van die adolescent en sy/haar innerlike stryd ten opsigte van die verkryging van 'n identiteit en identiteitsverwarring.
Kognitief	Piaget	Die adolescent is in staat tot operasionele denke – dink abstrak, bespiegel oor hipotetiese situasies en redeneer deduktief oor wat moontlik kan wees.
Ekologies	Bronfenbrenner	Die adolescent ontwikkel in 'n bepaalde konteks – word beïnvloed deur familie, portuurgroep, geloof, skool, media, gemeenskap en wêreldgebeure.

Sosiaal-kognitief	Bandura	Kinders leer deur modellering. Daar is 'n verhouding tussen sosiale en omgewings-faktore en dit beïnvloed hul gedrag.
Kultureel	Mead, Gilligan	Die kultuur waarin die kind opgroei is van primêre belang.

Bron: Spano (2004:2)

Een van die belangrikste uitdagings (en krisisse) tydens adolessensie is identiteitsvorming (Erikson, 1968). Erikson was van mening dat die vroeë stadia van psigososiale ontwikkeling die grondslag vir latere stadia bied, wat impliseer dat adolessente wat nie 'n eie identiteit kan ontwikkel nie, dit moeilik mag vind om warm en intieme verhoudings as volwassene te vestig (Louw, 2007). Louw (2007) identifiseer verskillende identiteite wat deur die adolescent 'gevorm' word. Hierdie identiteite word in Figuur 3.4 voorgehou.



**Figuur 3.4: Identiteite wat die adolescent vorm**

Bron: Saamgestel uit Louw en Louw (2007)

Die adolescent se funksionering word daagliks beïnvloed deur die emosies wat hy/sy ervaar (Gouws, Kruger & Burger, 2008). Die effektiewe hantering en prosessering van dié emosies word volgens De Klerk en Le Roux (2003) medebepaal deur die adolescent se emosionele intelligensie. Emosionele intelligensie word volgens Srivastava, Sibia en Misra (2008) gekoppel aan die kwaliteit van die adolescent se emosionele lewe. Brackett, Patti, Stern,

Rivers, Elbertson, Chisholm en Salovey (2009:335) verwys na uitgebreide navorsing wat daarop dui dat adolessente met emosionele vaardighede beter funksioneer as die adolessente wat nie oor emosionele vaardighede beskik nie.:

*These youth have more positive relationships, are less likely to engage in risk-taking behaviours such as using drugs and alcohol, experience fewer emotional symptoms (e.g. stress, anxiety, and depression) and perform better academically. ... In addition, teachers perceive emotionally skilled youth as more socially competent and non-aggressive; less hyperactive, depressed, and anxious; and relatively popular, pro-social, and self-confident.*

Die adolessent met 'n hoër vlak van emosionele intelligensie is meer geneig om gelukkig, tevrede, kreatief en optimisties te wees as die een met 'n laer vlak van emosionele intelligensie. Die ontwikkeling van die adolessent se emosionele intelligensie word deur verskeie faktore beïnvloed.

### **3.7.1 Enkele faktore wat emosionele intelligensie by adolessente kan beïnvloed**

Die mees algemene faktore wat die adolessent se emosionele intelligensie kan beïnvloed, is neurologiese faktore, taalontwikkeling, kinders se vermoë om vaardighede aan te leer, genetiese faktore, ouers en die media (Oosthuizen, 2009).

#### **3.7.1.1 Neurologiese faktore**

Die brein en die onderskeie neurologiese prosesse betrokke by emosies is 'n komplekse onderwerp. In die volgende gedeelte word 'n vereenvoudigde voorstelling van die werking van die brein met betrekking tot emosies verskaf. Soos genoem in paragraaf 3.1, onderlê emosies alle gedrag (De Klerk & Le Roux, 2001). Elke deel van die brein word tydens rasionele denke ingespan om emosies te prosesseer. Emosies is weer noodsaaklik vir besluitneming, probleemplossing en om veranderinge te hanteer. Die brein word breedweg in die volgende drie gedeeltes ingedeel: neokorteks (hoër brein); limbiese sisteem (soogdierbrein) en die breinstam (reptielbrein) (De Klerk & Le Roux, 2001).

Volgens Papalia *et al.* (2009) ontstaan emosies in die limbiese sisteem van die brein. Die limbiese sisteem se primêre doel is om aan ons primitiewe behoeftes soos eet, voortplanting en beskerming van gebied en self, te voldoen. Die mens gebruik egter dieselfde gedeelte van die brein om te evaluateer wat met ons gebeur en watter fisiologiese prosesse in werking gestel moet word (bv. sweet, hungerpyne, dors, ens.) (Bharwaney, 2007). Hierdie deel van die brein is impulsief, kragtig en emosioneel en is volgens De Klerk *et al.* (2001) gerig op die persoon self. Die limbiese gedeelte bestaan uit onder andere uit die thalamus, die hippocampus en die amigdala. Inligting wat deurlopend deur die sintuie

ingeneem word, kom eerstens by die talamus byeen voordat dit versprei word na die hippocampus wat 'n evaluerende funksie vervul. Die inhoud van die inligting word geëvalueer aan die hand van ervarings van wat voorheen gesien, gehoor, gevoel, geruik en geproe is. Alle inligting wat so geëvalueer is, word daarna eers deur die amigdala geregistreer voordat dit na die neokorteks gaan. Die amigdala dien as die geheuebank en dit stoor ook emosionele herinneringe. As daar dus in die geheuebank 'n vorige ondervinding van 'n vuisgeveg as respons op 'n sekere emosie was, sal die amigdala outomaties 'n fisiologiese respons tot gevolg hê sonder om die neokorteks te 'raadpleeg'. Daar word ook na hierdie respons as die 'veg/vlug'-respons verwys (Bharwaney, 2007; De Klerk *et al.*, 2001; Papalia *et al.*, 2009). Navorsing gerig op die verkenning van die neurale baan wat emosionele bewustheid sowel as addisionele emosionele en sosiale aspekte van hierdie konsep beheer, het begin om tasbare bewyse te verskaf van die anatomiese grondbeginsels van hierdie konstruk wat voortydig en verkeerdelik deur sommiges as 'n ontasbare mite beskryf is (Di Fabio, 2011).

### 3.7.1.2 Taalontwikkeling

Adolescente wat in 'n huis grootgeword het waar oop en gereelde kommunikasie tussen ouer en kind plaasgevind het, is geneig om emosioneel en sosiaal meer volwasse te wees (Louw, 2007). Emosies word deur verbale en nie-verbale gedrag uitgedruk (De Klerk & Le Roux, 2003). Taal is 'n vaardigheid wat nodig is om emosies en gevoelens op 'n aanvaarbare manier uit te druk. Volgens Cilliers (2004) kan die aanname dus gemaak word dat indien 'n kind se taalvaardigheid nie aan die standaard voldoen nie, dit die ontwikkeling van die kind se emosionele ontwikkeling negatief sal beïnvloed.

### 3.7.1.3 Ouers

Goleman (1995) wys daarop dat die tipe verhouding tussen ouer en kind bepaal watter mate van emosionele stabilitet die kind in die toekoms sal beleef. Volgens die outeur is die gesinslewe die primêre leerskool van emosionele ontwikkeling. Die rol van vaders word ook beklemtoon. Kinders, vaar beter op skool en met hul vriendskappe indien hulle vaders van hul (die kinders) se gevoelens bewus is en hulle kan help met probleemoplossing (Cilliers, 2004). Die outeur wys ook daarop dat ouers die kind se emosionele intelligensie kan verhoog deur hom/haar bewus te maak van sy/haar emosies, en deur die korrekte manier van hantering aan die kinders te modelleer. Net so kan die verkeerde modellering 'n negatiewe invloed op die kind se emosionele intelligensie hê.

### 3.7.1.4 Media en tegnologie

Die invloed van die media kan nie oorbeklemtoon word nie (Punamäki, Wallenius, Nygard, Saarni & Rimpelä (2007); Olson, Kutner & Warner (2008)). Kinders word aan allerlei vorme van massamedia blootgestel, soos byvoorbeeld televisie, radio, videospeletjies en die internet. Die komste van sellulêre telefone maak dit moontlik vir enige kind om 24 uur van die dag toegang tot sosiale netwerke en webwerwe te verkry. Die adolescent word onder meer aan mediageweld blootgestel. Volgens Louw (2007) weerspieël 80% van alle televisieprogramme voorvalle van geweld. Die adolescent word ook aan pornografie blootgestel. Louw (2007:204) beskryf die invloed van die media op die adolescent met die volgende stelling:

*As gevolg van hulle neiging om konvensionele gesag uit te daag, word hulle meer vatbaar vir die nabootsing van sekere soorte televisiegeweld, misdaad en die uitbeeldings van selfmoord.*

Daar kan tussen vier hoofeffekte van die blootstelling aan gewelddadige vermaak onderskei word (Donnerstein, Slaby & Eron, 1994 in Louw, 2007). Die **aggressor-effek** het ten gevolg dat mense meer gemeen, aggressief en gewelddadig kan word. Die **slagoffer-effek** duif daarop dat mense geneig is om die wêreld toenemend as 'n vreesaanjaende plek te beleef, meer vrees te ervaar en meer selfbeskermende maatreëls toe te pas. Volgens die **omstander-effek** is mense meer geneig om afgestomp te raak ten opsigte van geweld in die media, maar ook in die werklike lewe. Hulle raak ook meer gevoelloos en betoon minder simpatie teenoor slagoffers van geweld. Die **aptyt-effek** het tot gevolg dat mense 'n toenemende aptyt vir meer gewelddadige vermaak ontwikkel.

Die media en tegnologie stel die adolescent dus nie net aan die modellering van toepaslike en ontoepaslike gedrag bloot nie, maar suggereer ook hoe hulle emosies behoort te identifiseer en hanteer. Wanneer die adolescent byvoorbeeld min televisie kyk saam met sy/haar gesin, kan inhoud nie deur die volwassene in 'n bepaalde konteks geplaas word nie. Die adolescent ontwikkel 'n voorkeur vir musiekvideo's, gruwelfliks en pornografiese video's (Louw, 2007), en word terselfdertyd deur die media blootgestel aan situasies wat intense emosies aanwakker – emosies waarvoor hulle gewoonlik nog nie gereed is nie.

## 3.8 EMOSIONELE INTELLIGENSIE EN AKADEMIESE SUKSES

Die rol van emosionele intelligensie en akademiese sukses – vanaf voorskoolse tot op universiteitsvlak – vorm die fokus van 'n menigte internasionale studies die afgelope dekade (Adeoye & Emeke, 2010; Bar-On, 2003, 2007; Denham, 2007; Hogan, 2010; Kapp, 2000; Keane, Merton, Napper & Jackson, 2002; Ray & Smith, 2010). Maree en Ebersöhn (2002)

identifiseer verskeie faktore wat op emosionele intelligensie betrekking het en wat moontlik leerders se prestasie kan beïnvloed: hul emosies, gewoontes en houdings; die wyse waarop hulle inligting prosesseer; hul probleemoplossingsgedrag; sosiale faktore; die wyse waarop hulle betekenisvolle ander ervaar; die atmosfeer in die klas, asook omstandighede by die huis. Goleman (2008:8-9) verduidelik dat wanneer daardie gedeeltes van die brein wat angs *distress* hanteer, geaktiveer word, dit daar toe lei dat die funksionering van die gedeeltes wat verantwoordelik is vir geheue, aandag en leer, geïnhibeer word. Die outeur verduidelik dit soos volg: *because of the way brains are wired, emotions can either enhance or inhibit one's ability to learn* (Goleman, 2008:8-9).

Uit bogenoemde blyk dit dus dat emosionele stressors dikwels verhoed dat kinders hul akademiese potensiaal bereik. Goleman (1995) rapporteer dat kinders dikwels oor dieselfde kognitiewe vermoë beskik, maar verskillend op skool presteer. Verder bevind hy dat kinders in Graad 3 wat een of meer duidelike faset(te) van emosionele intelligensie vertoon, hoër punte in wiskunde sowel as lees behaal as kinders met dieselfde kognitiewe vermoë (Cilliers, 2004). Reiff, Hatzes, Bramel en Gibbon (2001) asook Nelson (2010) het bevind dat daar 'n beduidende verskil bestaan tussen leerders met en sonder leerhindernisse ten opsigte van hul vermoë om stres te hanteer. Na aanleiding van navorsingsbevindings wat daarop dui dat die bevordering van EI by jeugdiges positiewe akademiese uitkomste tot gevolg het (*The development of EI may offer educators significant opportunities to improve scholastic performance and emotional competencies* (Downey, Mountstephen, Lloyd, Hansen & Stough, 2008:10), raak opvoeders toenemend bewus van die potensieel belangrike rol van EI ten aansien van akademiese prestasie (Parker, Saklofske, Wood & Collin, 2009) en vra opvoeders al hoe meer vrae oor maniere waarop EI aangeleer of bevorder kan word.

Cilliers (2004) glo dat kinders wie se emosionele behoeftes deur hul ouers bestuur/raakgesien word, gesonder en gelukkiger is as hul emosioneel afgeskeepte klasmaats. Hulle is ook gewilder, het minder gedragsprobleme en vaar selfs beter in tale en wiskunde as kinders met dieselfde kognitiewe intelligensievermoë, maar wat emosioneel afgeskeep is (Goleman, 1995). Goleman (2008) rapporteer die volgende na aanleiding van wye navorsing oor die doeltreffendheid al dan nie van EI-programme:

*Students receiving lessons in social and emotional skills improved on every measure of positive behavior, such as classroom discipline, attendance, and liking school and were less likely to engage in anti-social behavior, from bullying and fights to substance abuse. ... there was also a drop in the number who were depressed, anxious, and alienated.*

Ek fokus vervolgens op wiskundeprestasie gesien vanuit die perspektief van emosionele intelligensie.

### **3.8.1 Wiskundeprestasie gesien vanuit die perspektief van emosionele intelligensie**

Douglas, Burton en Reese-Durham (2008) het bevind dat leerders wat aan meervoudige-intelligensie-onderrigtegnieke blootgestel was, se wiskundeprestasie beduidend beter was as leerders wat aan tradisionele onderrigtegnieke blootgestel was. Navorsers en opvoeders poog ook om te verstaan waarom sekere leerders ongunstige persoonlike omstandighede kan oorkom en in wiskunde presteer, en ander nie. Verskeie navorsers fokus in hierdie verband op die rol van veerkrachtigheid (*resilience*) (Morales, 2008). Prada (2009:3822) verwys regstreeks na die rol van veerkrachtigheid in die leerder se wiskundeprestasie en definieer veerkrachtigheid soos volg:

*Resilience is generally understood as a set of personal characteristics or factors that assist the individual in overcoming hardships.*

In die volgende gedeelte word die belangrike rol van volwassenes in die ontwikkeling van 'n leerder se emosionele intelligensie en veerkrachtigheid of vermoë om teenslae/agterstande te oorkom kortliks bespreek.

### **3.8.2 Die rol van volwassenes in die ontwikkeling van emosionele intelligensie as voorspeller van akademiese sukses**

Khan (2009) asook Patrikakou en Weissberg (2007) verwys na die belangrike rol van ouers en skool – nie net in die ontwikkeling van emosionele vaardighede om leerders te help om eensydig akademiese druk te kan hanteer en 'uithouvermoë' te verhoog nie, maar ook om buite klasverband te presteer (Jaeger & Eagan, 2007). Patrikakou en Weissberg (2007) beklemtoon die belangrikheid van 'n vennootskap tussen die skool en die gesin wat op die holistiese ontwikkeling van die kind gefokus is. Volgens hierdie outeurs leer kinders belangrike sosiaal-emosionele vaardighede aan deur onderrig sowel as deur modellering.

### **3.8.3 Emosionele intelligensie, akademiese prestasie en geslag**

Navorsing dui daarop dat daar 'n verband tussen emosionele intelligensie en geslag is (Alumran & Punamäki, 2008; Bar-On, 2007; Shi & Wang, 2007). In 'n opsomming van navorsingsbevindings waar daar van die Bar-On-model gebruik gemaak is, het navorsers gevind dat vroue meer van hul eie emosies bewus is, terwyl mans meer bedreve is om emosies te bestuur (Bar-On, 2007). Emosionele intelligensie word met akademiese sukses en geslag in verband gebring (Jordan, McRorie & Ewing, 2010; Hogan, Parker, Wiener,

Watters, Wood & Oke, 2010). Parnell (2007) het bevind dat daar 'n beduidende verband tussen emosionele intelligensie, akademiese prestasie en geslag bestaan. Die EI komponent - Aanpasbaarheid het die sterkste verband getoon met prestasie in al die vakke. Jordan, McRorie en Ewing (2010) het verder bevind dat daar 'n negatiewe verband bestaan tussen stresshantering (EI komponent) en wetenskap slegs by die seuns.uitgewys .

### 3.9 SAMEVATTING

Emosionele intelligensie is 'n uitvloeisel van twee hoofareas van sielkundenavorsing oor die afgelope veertig jaar, naamlik kognisie en affek, en modelle wat intelligensie definieer (Brackett, Rivers & Salovey, 2011). Volgens Di Fabio (2011) was daar die afgelope dekade 'n 'ontploffing' in die 'ontdekking' van nog meervoudige intelligensies.

In die onderhawige hoofstuk is die konsepte 'emosie', 'intelligensie' en 'emosionele intelligensie' ondersoek, waarna die EI-modelle van Salovey en Mayer (1990), Cherniss en Goleman (2001) en Bar-On (2003) verken is. Die *Bar-On EQ-i:YV™* is vervolgens bespreek en as metinginstrument vir die doel van hierdie studie geïdentifiseer. Die ontwikkeling van emosionele intelligensie tydens adolessensie, asook die verband tussen emosionele intelligensie en wiskundeprestasie is verder belig.

Bar-On (2007) wys egter daarop dat die konsep "emosionele intelligensie" nog nie bevredigend gepeil en omskryf is nie:

*What has become abundantly clear to me over the years is that all conceptualizations of this construct are incomplete and that all of the presently proposed assessment modalities are insufficient, in and of themselves, in fully describing emotional-social intelligence.*

Daar is ook steeds uitgebreide verskille tussen die sienings van diegene wat EI as 'n vermoë eerder as 'n karaktertrek opvatting ondersteun (Pertrides, 2011).

In die volgende hoofstuk kom die navorsingsproses, asook die navorsingsontwerp en navorsingsmetodologie wat in hierdie studie gebruik gaan word, aan die beurt.